



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

MChD Periodonsie en Mondgeneeskunde (10252040)

Duur van studie 4 jaar

Totale krediete 480

Toelatingsvereistes

Elke kandidaat moet vir toelating tot die MChD-graadprogram

- in besit wees van die BChD-graad van die Universiteit van Pretoria, of 'n gelykwaardige kwalifikasie, of ingevolge die bepalings van Alg. Reg. G.1.3 en G.62 tot magisterstudie toegelaat word;
- by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika as 'n tandarts geregistreer wees in die kategorie Onafhanklike Praktykvoering.

Eksamens en slaagvereistes

Eksamen in die basiese vakke

'n Student moet al die basiese vakke [Universiteit van Pretoria of die Kolleges vir Geneeskunde] slaag voor hy of sy toegelaat sal word tot die eerste studiejaar. Verwys na regulasie D3(b)(iii)

Eksamen en evaluering in die hoofvak

Toelating tot die eksamen in die hoofvak word deur die hoof van die department bepaal.

- i. Die finale uitgangseksamen in die hoofvakke sal deur die Kolleges vir Geneeskunde van Suid Afrika geadministreer word. Slegs kandidate wat aan al die vereistes vir die MChD-graad voldoen, met uitsondering van die hoofvak (finale eksamen), d.i. alle voorvereiste vakke is geslaag, alle toepaslike opleiding soos voorgeskryf, is voltooi (voortgesette evaluering van die kandidaat in 'n kliniese assistentpos wat deur die departementshoof van die kandidaat goedgekeur is); en die vereiste navorsingskomponent vir die graad is voltooi, sal toegelaat word om die Kollege-eksamen (uitgangseksamen) af te lê, waarna hulle beide die MChD en die Kollege-kwalifikasie as spesialiskwalifikasies sal verwerf.
- ii. Die student moet 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp wat met die hoofvak verband hou, voorlê en slaag en 'n manuskrip vir publikasie inhandig.
- iii. Koste of fooie vir enige eksamen(s) en registrasie by die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika moet deur die student gedra word.

Sien ook Algemene Regulasies.

i. Eksamen in die basiese vakke en byvakke (uitgesonder KGM 803):

- a. 'n Student moet in hierdie vakke slaag voordat hy of sy die eksamen in die hoofvak mag aflê. 'n Finale punt van minstens 50% word benodig om te slaag.
- b. Die eksamen in basiese en byvakke moet voor die einde van die derde studiejaar suksesvol afgelê word, of



op 'n tydstip soos deur die departementshoof bepaal.

- ii. **Eksamen in die hoofvak:** Toelating tot die eksamen in die hoofvak word deur die departementshoof bepaal.
- iii. Indien 'n student in een of meer van die basiese vakke of in die hoofvak druip, kan hy of sy op aanbeveling van die betrokke departementshoof deur die eksamenmodereringsvergadering tot 'n tweede eksamen toegelaat word. 'n Student wat toegelaat is tot 'n tweede eksamen in die basiese vak moet die eksamen tydens die volgende eksamenperiode aflê. Tweede eksamens in die hoofvak vind eers minstens ses maande na afloop van die eksamen waarin die student gedruip het, plaas.

Let wel:

- a. Aangesien 'n nagraadse student die eksamen van enige vak slegs een keer mag herhaal, moet 'n student wat 'n tweede eksamen druip, die program staak. Dit bring mee dat so 'n student die kliniese assistentpos wat hy of sy beklee, so spoedig moontlik moet ontruim na kennisgewing van een kalendermaand aan die Universiteit van Pretoria en/of ander goedgekeurde opleidingsinrigting waar van toepassing.
- b. Indien 'n student tot 'n tweede eksamen in die hoofvak toegelaat word, sal die departementshoof bepaal of hy of sy die kliniese assistentpos teen die einde van die opleidingstydperk moet ontruim, of onmiddellik na aflegging van die tweede eksamen.
- iv. **Subminimum:** Om in die hoofvak te slaag, moet 'n student 'n subminimum van 50% behaal in al die dele van die eksamen, met 'n finale punt van minstens 50%.
- v. Die bepalinge die Algemene Regulasies geld ten opsigte van die bywoningskursusse.
- vi. Benewens genoemde bepalinge, moet 'n verhandeling ook ingedien word oor 'n onderwerp wat met die hoofvak verband hou. Ten einde die finale eksamen te slaag, moet 'n slaagpunt ook vir die verhandeling behaal word.

Vrystelling

Vrystelling op grond van vergelykbare opleiding en/of ervaring wat betref die vereistes van gemelde Regulasies vir die Skool, mag deur die Dekaan op aanbeveling van die Departementshoof verleen word, met dien verstande dat vrystelling van die eksamen en evaluering in die hoofvak nie verleen mag word nie.

Let wel: Die regulasies van die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika, soos gepubliseer in die Staatskoerant Nr. 4631 van 11 Januarie 1991 – Kennisgewing Nr. R.40 (soos gewysig), sal as maatstaf in die bepaling van die tydperk van vrystelling gebruik word.

Slaag met lof

'n Student wat 'n finale punt van minstens 75% met die eerste poging in die hoofvak behaal, verwerf die graad met lof.

'n Student vir die MChD-graad wat in beide die hoofvak en die verhandeling 'n punt van minstens 75% met die eerste poging behaal, verwerf die graad met lof.



Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 300

Kernmodules

Algemene patologie 808 (APA 808) - Krediete: 24.00

Ethics and human rights 800 (EHR 800) - Krediete: 0.00

Periodonsie en mondgeneeskunde 802 (PMG 802) - Krediete: 24.00

Prostodonsie 802 (PRD 802) - Krediete: 24.00

Anatomie 873 (ANA 873) - Krediete: 36.00

Mondbiologie 800 (MDB 800) - Krediete: 24.00

Farmakologie 870 (FAR 870) - Krediete: 24.00

Ortodonsie 800 (ORD 800) - Krediete: 36.00

Fisiologie 806 (FSG 806) - Krediete: 36.00

Mondpatologie 803 (MPG 803) - Krediete: 24.00

Toegepaste navorsingsmetodologie 802 (TNM 802) - Krediete: 0.00



Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 300

Kernmodules

Ortodonsie 800 (ORD 800) - Krediete: 36.00

Periodonsie en mondgeneeskunde 802 (PMG 802) - Krediete: 24.00

Anatomie 873 (ANA 873) - Krediete: 36.00

Mondpatologie 803 (MPG 803) - Krediete: 24.00

Toegepaste navorsingsmetodologie 802 (TNM 802) - Krediete: 0.00

Algemene patologie 808 (APA 808) - Krediete: 24.00

Farmakologie 870 (FAR 870) - Krediete: 24.00

Fisiologie 806 (FSG 806) - Krediete: 36.00

Mondbiologie 800 (MDB 800) - Krediete: 24.00

Prostodonsie 802 (PRD 802) - Krediete: 24.00

Ethics and human rights 800 (EHR 800) - Krediete: 0.00



Kurrikulum: Jaar 3

Minimum krediete: 276

Kernmodules

Mondpatologie 803 (MPG 803) - Krediete: 24.00

Periodonsie en mondgeneeskunde 802 (PMG 802) - Krediete: 24.00

Verhandeling: Periodontologie and mondgeneeskunde 891 (PDL 891) - Krediete: 180.00

Toegepaste navorsingsmetodologie 802 (TNM 802) - Krediete: 0.00



Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 252

Kernmodules

Periodonsie en mondgeneeskunde 802 (PMG 802) - Krediete: 24.00

Toegepaste navorsingsmetodologie 802 (TNM 802) - Krediete: 0.00

Verhandeling: Periodontologie and mondgeneeskunde 891 (PDL 891) - Krediete: 180.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.